http://lexikos.journals.ac.za

# Voorwoord

Een van die belangrikste doelstellings van die Buro van die WAT met die uitgee van *Lexikos* in die AFRILEX-reeks was nog altyd om 'n kommunikasiekanaal vir die nasionale en internasionale leksikografiese gesprek te skep, en in die besonder die leksikografie in Afrika met sy ryk taleverskeidenheid te dien. Met die bereiking van hierdie doelstelling is in die eerste vyf uitgawes van *Lexikos* sowel as in hierdie uitgawe reeds ver gevorder.

Leksikografiese kommunikasie in Afrika het momentum gekry met die stigting van die *African Association for Lexicography* (AFRILEX) op 14 Julie 1995. Hierdie kommunikasie word tydens AFRILEX-kongresse gestimuleer en dit sal voortaan in 'n hoër mate deur *Lexikos* gestimuleer word, want vanaf hierdie uitgawe is *Lexikos* die mondstuk van AFRILEX. Lede van AFRILEX word uitgenooi om in steeds groter mate deur *Lexikos* deel te neem aan die leksikografiese gesprek.

Die leksikografiese gesprek in Afrika moet deur die leksikograwe, metaleksikograwe, ander belanghebbendes én die leksikografiese projekte voortgesit word. Kontak moet toenemend met ander kontinente en met die leksikografiese verenigings van ander kontinente bewerkstellig word. Koöperatiewe leksikografie is die strategie waardeur die leksikografiese vakspesialiste met mekaar in kontak gebring kan word en *Lexikos* moet daarvoor benut word.

Vanaf volume 4 is *Lexikos* deur die Departement van Onderwys as inkomstegenererende joernaal geakkrediteer. Dit bevestig die standaard van *Lexikos*.

Dr. H. Béjoint van die Université Lumière Lyon 2 in Frankryk word verwelkom as nuwe lid van die Adviesraad van *Lexikos*.

Op 8 Maart vanjaar is mnr. P. Harteveld wat as redakteur van die eerste vyf uitgawes van *Lexikos* opgetree het, oorlede. Hy het 'n groot bydrae tot die totstandbrenging en uitbouing van *Lexikos* gelewer. Die wetenskaplike standaard en die toepaslikheid van die navorsingsbydraes was vir hom van wesentlike belang. As Bestuurder: Redaksionele Steundienste by die Buro van die WAT het hy toegesien dat die aanbod, uitleg en tipografie van *Lexikos* maklik toeganklik vir die leser moet wees. Sy perfeksionistiese ingesteldheid het uit die versorging van elke artikel in *Lexikos* geblyk.

Die reaksie van medewerkers om bydraes te lewer tot hierdie uitgawe ter nagedagtenis aan Pieter Harteveld, was so positief dat sommige bydraes sal moet oorstaan vir publikasie in volume 7 van *Lexikos*. U word hartlik bedank vir u medewerking. Dank word ook uitgespreek teenoor die keurders en almal



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)

http://lexikos.journals.ac.za



wat die redaksie bygestaan het gedurende die verskillende produksiestadiums van die publikasie.

Mnr. D.C. Hauptfleisch, resensieredakteur van *Lexikos*, word bedank vir die nougesette deeglikheid waarmee hy sy aandeel aan hierdie volume afgehandel het. Hermien van der Westhuizen, Etienne Botha en Tanja Harteveld van die afdeling Redaksionele Steundienste in die Buro van die WAT asook kollegas in die redaksionele komponent, word opreg bedank vir hulle onmisbare en toegewyde hulp met die administrasie, redigering, proeflees en elektroniese setwerk van hierdie publikasie.

*Lexikos* 6 is 'n konstruktiewe huldeblyk ter nagedagtenis aan 'n gewaardeerde kollega.

D.J. van Schalkwyk

*Buro van die Woordeboek van die Afrikaanse Taal*



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)

http://lexikos.journals.ac.za

# Foreword

One of the most important aims of the Bureau of the WAT with the publication of *Lexikos* in the AFRILEX series has always been to create a communication channel for national and international lexicographic discussion, and particularly to serve lexicography in Africa, with its rich language diversity. The first five issues of *Lexikos* as well as the present one have already contributed greatly towards the achievement of this goal.

Lexicographic communication in Africa gained momentum with the founding of the *African Association for Lexicography* (AFRILEX) on 14 July 1995. This communication is stimulated during AFRILEX congresses and it will in future be stimulated to a greater extent by *Lexikos*, because from this issue onwards, *Lexikos* is the mouthpiece of AFRILEX. Members of AFRILEX are invited to share, through *Lexikos*, to an ever greater degree in lexicographic discussion.

Lexicographic discussion in Africa must be continued by lexicographers, metalexicographers, other interested parties, ánd lexicographic projects. Contact needs to be expanded to other continents and lexicographic societies on other continents. Co-operative lexicography is the strategy whereby lexicographic specialists may be put into contact with one another and *Lexikos* should be used for this purpose.

From volume 4 onwards *Lexikos* has been accredited by the Department of Education as an income generating publication. This confirms the standard of *Lexikos*.

We welcome Dr H. Béjoint of the Université Lumière Lyon 2 in France as new member of the Advisory Board of *Lexikos*.

Mr P. Harteveld, who acted as editor of the first five issues of *Lexikos*, passed away on 8 March this year. His contribution to the establishment and expansion of *Lexikos* was remarkable. The scientific standard and relevance of the research contributions was of great importance to him. As Manager: Editorial Support Services at the Bureau of the WAT he saw to it that the presentation, layout and typography of *Lexikos* was easily accessible to the reader. His perfectionist attitude was apparent in the editorial treatment of every article in *Lexikos*.

The reaction of contributors to this issue in memory of Pieter Harteveld was so positive that some contributions will have to be carried over to volume 7 of *Lexikos*. You are sincerely thanked for your co-operation. We also express our gratitude to the judges and everybody who assisted the editorial staff



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)

http://lexikos.journals.ac.za



during the various production stages of the publication.

Mr D.C. Hauptfleisch, review editor of *Lexikos*, is thanked for the care and thoroughness with which he accomplished his task in this volume. Hermien van der Westhuizen, Etienne Botha and Tanja Harteveld of the Division: Editorial Support Services in the Bureau van die WAT, as well as colleagues in the editorial component, are thanked for their vital and dedicated assistance with the administration, editing, proofreading and electronic typesetting of this publication.

*Lexikos* 6 is a constructive tribute to the memory of an esteemed colleague.

D.J. van Schalkwyk

*Bureau of the Woordeboek van die Afrikaans Taal*



Reproduced by Sabinet Gateway under licence granted by the Publisher (dated 2011)